**Oestyd-nuusbrief**

**2de kwartaal 2009**

Geagte Broer en Suster,

INLEIDEND

Hiermee die tweede Oestyd van 2009. Dankie aan elkeen wat finansieel bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom - indien u koeverte vir u Geloofbelofte- offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Ons is dringend op soek na iemand wat bereid is om kwartaalliks (vanaf volgende kwartaal) uittreksels uit die verskillende sendelinge se nuusbriewe te maak en dit bymekaar te sit om die Oestyd die lig te laat sien. Kontak asseblief vir Chris Botha (Leier van die Taakspan vir Sending) indien u bereid is of meer inligting verlang.

**FRANKRYK**

Corné en Sophie du Plooy met Claire, Thomas en Sébastien – uittreksel uit hul nuusbrief van April 2009

Die Paasfeeskoning en die paasfeeshase

Snaaks hoe ouer 'n mens word, hoe belangriker raak Paasfees vir 'n mens. Ons vier die inbreek van die Hemelkoning in ons sigbare wêreld. En die wyse waarop ons Paasfees vier, wys watter Koning ons herdenk en gedenk. Die probleem wat ons het, soos destyds, is dat ons die paasgebeure en die implikasies daarvan interpreter vanuit ons eie nood en behoeftes. Ons soek antwoorde vir ons probleme in plaas daarvan om God se koninskap en teenwoordigheid in ons wêreld raak te sien. Toe Jesus Jerusalem op 'n donkie ingery het, het Hy sekere positiewe verwagtinge by die skare geskep, maar ure later het hulle Hom aan 'n kruis gespyker. Wat maak ons met Hom?

Persoonlik

Weer eens gaan die tyd te vinnig verby en ek laat minder gereeld van ons hoor. Die gesinslewe neem maklik 5-ure van die dag in beslag – maar niemand is nog daarvan dood nie.

Gemeente

Die 7de Maart het 'n toneelgroep, Agape, by ons opgetree. Die groep bestaan uit die jeug van ons gemeentes in die suidweste van Frankryk. Die toneelstuk het gehandel oor 'n persoonlike ondersoek wat Pilatus loods na die opstanding van Jesus. Dit was 'n groot sukses en daar was +- 150 mense.

Ons groot projek was die "Projek 007" – die besoek van ons jongmense aan London. Die 29ste Maart het ons ons laaste groot geldinsamelingsprojek gehad: 'n koekverkoping tydens 'n straatmark. Op die ou-end het 12 jongmense saam met 4 volwassenes vertrek (4-12 April). Almal het dit baie geniet. Ons het Holy Trinity Brompton, die SA Gemeente (waar ek 2 keer gepreek het), en 'n Baptiste Kerk besoek. Die jongmense was verras en gemotiveer deur die dinamiek in die kerke. Hulle was ook verbaas om so baie jongmense, wat die Here loof, tydens 'n erediens te sien. Die kontak met die jeugleiers van Holy Trinity Brompton was ook baie insigewend. Verder is ons soos konings deur die Suid-Afrikaners getreat. Die trippie het ook die bande in die groep geskep en versterk. Kyk na ons fotos by: http://www.flickr.com/photos/37049480@N04/ en http://picasaweb.google.fr/gapacylms82 (fotos is volgens die verskillende dae ingedeel). Miskien gaan ons volgende keer Rome toe. Nou moet ons nog eers die groep bou. Ons sou graag met Alpha Jeug wil begin, maar ons moet jeugleiers daarvoor kry. Ons beplan DV om later vanjaar 'n gemeentekamp te hou om ook 'n bietjie spangees in die gemeente te bou. Die afgelope tyd, veral na die Londonbesoek, het ek baie vrae rondom die erediens en die verloop daarvan. Dit lyk vir my dat ons gereformeerde liturgie, ten spyte van 'n goeie teologiese fundering, 'n bietjie "outdated" is, selfs al probeer 'n mens dit 'n face-lift gee. Ons sal anders moet begin dink – meer vanuit die hoek van die mense wat ons wil bereik en wil aanraak met die Evangelie. Julle opinies sal waardeer word. Een van ons jongmense, Maryse, het ook gevra om gedoop te word (3 Mei). Daar is ook 4 troues in Julie en een in Oktober.

Buitegemeentelike aktiwiteite

Ons Algemene Sinode het die 13 - 15 Maart plaasgevind. Tydens het hierdie geleentheid is ek dan verkies om ons kerk op die bestuursraad van die Teologiese Fakulteit van Aix-en- Provence te verteenwoordig. My 1ste vergadering

sal die 16de Mei wees. Soos ek reeds gesê het, is ek ook op die Kommissie van Teologie en die bestuur van die streeksinode. Plaaslik is ek ook by verskillende interkerklike aksies betrokke. Soos ek reeds gesê het, organiseer ons kerk ‘n groot nasionale saamtrek die 8 - 10 Mei by Anduze. Gedurende hierdie langnaweek gaan ons ons nuwe naam aanvaar (Protestantse Evangelies- Gereformeerde Kerk) en ons kerkvisie inlyf. Gedurende die naweek is ek gevra om twee werkswinkels rondom Geloof en Sport aan te bied. Ons het ook ‘n streeksaamtrek die 21ste Mei (Hemelvaart).

Gebed

- Bid vir die geestelike verdieping van ons gemeente, en vir ‘n toenemende commitment tot Jesus Christus.
- Bid dat dat ‘n gees van getuienisskap sal groei en dat lidmate tot die gemeente gevoeg sal word.
- Bid vir toe toenemende groei van die finansies van die gemeente.
- Bid vir ons “nuwe uitgebreide” gesin, vir gesondheid en fisiese krag en tyd om alles te doen. Ons oorweeg dit om ‘n au-pair meisie te kry om ons te help. Daar is iemand wat bereid is om te kom, maar ons wag vir ‘n antwoord vir haar inskripsie as student by die universiteit. Ons het eintlik niemand wat ons dan en wan net gou kan uithelp met die kinders nie – al is dit net gou om een by die skool te gaan haal, gou brood te gaan koop, of om ‘n doktorsafspraak na te kom nie. Een van ons 2 moet altyd by die huis wees.
- Ons bid ook vir Suid-Afrika en die post-verkiesingtydperk. Mag die Here ons verras en aan ons verwagtings voldoen – meer as politieke leiers.

**ALTA GLAS – KAMBODJA** – uittreksel uit haar nuusbrief van 5 Mei 2009.

Verskriklik dankie julle almal vir ‘n amazing tyd in SA - die beste/lekkerste deputasie tyd nog ooit: Dié deel in die gemeentes, die wonder van gemeentes wat my toegebid het met God se krag en ondersteuning en die terug voer van feitlik almal na die tyd. Dié deel kon wees van selgroepe en gemeentes se uitreike as sommer net nog iemand wat saam gaan. Dié nader leer ken om etenstafels (Ds, sending koordineerders, gemeentelede en vriende), dié kinderdienste, dié saam lag, al dié seeninge wat die bedrywighede om paasfees omvou het, gemeente piekniek en dié wonder van vriendskappe wat die jare se winters oorleef het en dié nuwe vriendskappe. ‘n Ander voorreg/bederf was dat daar feitlik altyd nog ‘n persoon saam met my was waar ek ook al heen gereis het of waar ek gaan praat. Dit was ook vir my baie spesiaal om sommer net weer ma te kon wees en ook by Heinrich te kon wees na sy rug operasie wat suksesvol was (Hy het verlede week met sy motorfiets in reën gegly, geval – enkel beseer – x’strale het gewys enkel en rug okay.) Dankie julle.

Op die vlug na Kambodja het ek gewonder hoe dit sou wees om terug te kom na 4 maande van wêsterse leefwyse ‘indulgence’. Ek het gewonder hoekom voel dit eweskielik so alleen en het besef dit is omdat ek in SA en Oz omring was deur familie, soveel vriende en mense wat omgee. Die gevoelens het egter nie langer as die vlugrit geduur nie – by die lughawe was die personeel om my te verwelkom, bymy huis het ek in die omarming van ‘n Khmer vriendin in geloop. Elke trappie na bo nader aan my leefarea het my laat besef ek is tuis, my eie plek, my eie menswees!!! My foon hou nie op lui nie … ek is tuis!!

Baie dinge het verander in die afgelope 33 jaar vandat Malindi as pap baba in my arms gelê het, daar is baie goed wat ons anders oor gedink het. Die is egter nou hulle beurt om, net soos ek lank gelede, ook hulle pad te vind en klein Adan op te voed en groot te maak soos hulle goeddink onder die leiding van die Heilige Gees. Ek glo in hulle.

Kambodja & Bediening

‘Persoonlike bediening’

Sangboeke

Een van die dinge wat my ‘n riel van vreugde, tydens my SA besoek, laat dans het was die feit dat NG Pierneef Rand R5 000 gegee het vir sangboeke!!! Terug hier het ek aan Sok en Saran hiervan vertel en ek het met hulle gedeel dat van die gemeentelede gewonder het hoe hulle nog geld kan insamel vir sangboeke en dat ‘n gemeente lid gewonder het of hulle kan worsbroodjies verkoop.

Julle moes hulle gesigte gesien het – hulle was verbaas dat Westerlinge sulke goed doen vir fonds insameling – die Khmer se algemene opvatting is dat ons sommer net ons hande in ons broeksakke druk en gee. Julle, ek kan julle nou al waarborg dat oral waar hulle gaan hulle dit gaan deel en dat dit nuwe kennis in baie van die Khmer gaan oopbreek – ons as westerlinge en die Westerse kerke is nie almal ryk nie!.

Mediese bedienings betrokkenheid

Gisteraand het ek by Ruth-hulle (Direkteur van Daughters – NGO prostitute) gaan eet en ons het sommer oor baie dinge gesels. Vanoggend het sy my gevra of ek nie weer asb vanaf Julie een middag ‘n week ‘n mediese kliniek sal beman nie. Bid asb saam met my hieroor.

Veritas...

EFC en visum

Dit het goed uit gewerk – Polisieman het vir my by lughawe gewag met uitnodigings brief van EFC om as sendeling vir Veritas onder hulle te werk, ek het binne 10 min ‘n visum vir ‘n maand gekry – ons moet nou $190 betaal vir eerste jaar se visum.

Intussen het daar amper ‘n week verloop vandat ek die brief begin skryf het – die hitte (Net 32 - 34 grade maar humiditeit baie hoog) is vir my erg en ek sukkel, bly regtig moeg, het vanoggend ORS/ electrolyte begin drink en funksioneer al beter.

Oumaskap!! (Gmmffffff die woordeboek sê dat daar net oupaskap is en nie oumaskap!) Hieroor sal ek nie veel sê omdat ek natuurlik bias is – Adan is die 15de April gebore, hy was 4.1kg. Sy ouers en ouma dink natuurlik hy is die mooiste seuntjie nog ooit gebore, dat sy lang vingertjies ‘n teken is dat hy gaan klavier speel en dat hy al glimlag en al probeer kruip ... neé hy sê nog nie sy eerste woord nie! Dit is ‘n voorreg om mens se kleinkind te kan vashou. Dit is egter net so ‘n groot voorreg om my kinders te kan sien in die wonder van ouerskap, die verwondering en liefde in hulle oë vir klein Adan.

Opleiding tydens my tyd in SA en Khmer medewerkers

Dit lyk asof dit baie goed gegaan het. Paar deelnemers het uitgeval agv werk en baie ander organisasies wat ook nou leierskap opleiding bied wat makliker is en meer geld as ons gee. Ons het gesels en die challenges wat die medewerkers ervaar het was min, hulle kon die regte veranderinge aanbring waar nodig sonder my. Die problem solving opleiding het gewerk, jippie!! Ek is regtig trots op hulle hantering van die opleiding en finansies.

Al ‘groot’ probleem wat regtig op-gepop het was die feit dat ek iemand in Kg Thom ge-evalueer het wat saam met ons in dié provinsie kon werk, ek het Saran gevra om die persoon se pastoor te nader - daar was ‘n groot ontploffing, ons is deur meer as een pastoor beskuldig dat ons wil ‘skape steel’. Dit is moeilik omdat ons doelwit is om ouens in die provinsies op te lei om so ook opleiding te kan doen en dat Phnom Penh net die sentrale kantoor sal wees. Bid asb saam hieroor - ek sal die pastoor persoonlik gaan sien om dinge uit te klaar. Intussen neul ouens om deel te word wat regtig nie geskik is nie (gaan om geld, verwaand ens), ai!

Saran het ‘n maagseer en dit klink asof hy ook Hepatitis B het. Hy het sy dieet aangepas (nie meer chillies ens) is nog op medikasie en sal vir 2de opinie gaan. Hy het ‘n tipe A persoonlikheid wat natuurlik glad nie bevorderlik is vir maagseer! Dit gaan baie goed met Sok, familie en sy kerk – binnekort sal daar 20 nuwe Christene gedoop word.

Maart konferensie - Stellenbosch

Die Konferensie was regtig goed – Baie aandag was aan belangrike administratiewe aspekte binne Veritas gegee. Wat my persoonlik die diepste geraak het was die terugvoer van lande waar dit moeilik gaan en waar dit moeilik is om die Woord openlik te verkondig – die werk wat Veritas leiers in die spesifieke lande doen het ‘n sense van worship en awe in my oopgebreuk en my hart gevul met gebed. Ek was meer opgewonde oor die werk wat hulle doen as dit wat ons hier in Kh onder baie makliker omstandighede doen - maar dit het my ook opgewonde gemaak om deel te kan wees van ‘n organisasie wat daarop gerig is om Christene in verskeie lande te onderrig of terug te bring na die Bybel.

Bid/Prys asb saam met ons/my:

- Prys - Dat Saran en Sok so goed sonder my gefunksioneer het en bid asb vir Saran se gesondheid.
- Saran en Sok (hulle is die week in Kampong Chnang , Bantcheay Meanchey en Kampong Trolaat)
- Ek en Jane het vanoggend na karre en pryse gaan kyk. Dit lyk my ek sal soort van ‘n Atoz kan koop met die $3 000 waarvoor my kar verkoop is. Die ander is almal $5 000 + (Opel ens). Bid asb saam dat ek binne die

Here se wysheid hiermee  loop.  Om die bediening maklik vir ons te maak het ons ‘n kar nodig om die afgeleë areas te bereik.

- My kinders en vir ander dinge wat jy in die brief raak gelees het, daar is baie.

**ALTA GLAS – KAMBODJA** – uittreksel uit haar nuusbrief van 8 Junie 2009.

Hi julle

’n Hele maand het al verloop vandat ek laas geskryf het.  Dit gaan goed hier by ons, dit reën nogal baie, dit is lekker - breek die hitte.

Intussen het KPO vir my geld gegee vir ‘n nuwe mortorfiets, dit voel vir my asof ek met ‘n ‘koets’ in die strate ry!  My ratte werk ek hoef dit nie meer in  te skop nie, dit hoef nie aan die brand geskop te word om te start nie, nou net ‘n knoppie om te druk.  ‘n Hooter wat werk, ou motorfiets sin het die afgelope 12jr 5 maande glad nie gewerk nie.  Die ligte werk – ag dit is sommer net ‘n groot seën.  Die ou oom vir wie ek die ou motorfiets gegee het was so opgewonde.  Sy woorde het my egter hartseer gemaak en laat wonder of ek regtig die nuwe een verdien.  Hy het gesê dat dié motorfiets soos ‘n nuwe een teen syne is en dat hy nog nooit in sy 68 jaar so ‘n mooi motorfiets gehad het nie.  Eintlik verdien hy die nuwe een baie meer as ek.

Ek het ook intussen ‘n karretjie gekoop – Atoz.  Ons het 2 weke lank gesoek om ‘n kar te kry vir die $3 150 wat ek vir Rocky gekry het.  Dit was amper ‘n onmoontlike soektog– die karre wat ek graag sou wou koop was ongeveer $6000.  Wat ek kon kry vir die geld wat ek gehad het was regtig ou–ou modelle wat glad nie meer goed gelyk het nie.

Ek het ook na baie Atoz karretjies gekyk en kon kry vir $3300 (1997) wat nie regtig in goeie toestand was nie.  Toe ek die rooi Atoz (1999) US$3900 sien wat ongetwyfeld in ‘n baie goeie toestand was, en dit volgens die diens rekords lyk of dit  regtig net 38900 km gery het het ek begin bargain, kon egter net $300 af kry.  Nog 2 mense het in die tou gestaan om dit te koop.  Na 2 weke se soek vir ‘n kar en ek gesien het wat beskikbaar was, kon ek nie die een laat verbygaan nie; kwaliteit  te goed.  So nou is ek $450 in die rooi en het ook nie geld om dit op my naam te registreer nie.  Dié nie registreer is nogal ‘n interessante situasie, ons kry ‘n eienaarskap kaartjie en moet dit wys as die polisie jou voorkeer.  Die Khmer sê dit is nie ‘n probleem nie ek kan dit vir ‘n paar maande so bestuur – maar daar is verskillende reëls vir uitlanders en Khmer.  Nou bestuur ek maar soos hulle, ignoreer die polisie; nou die dag toe die polisieman vir my wuif om af te trek het ek gemaak ek of ek hom nie sien nie, het net nie kans gesien om in ‘n stryery betrokke te raak teen iemand wat alles in sy vermoë sal doen om ‘n bribe te kry nie.  Ek hoop om dit volgende maand te kan registreer.

Veritas...

Ons gaan môre Kampot toe vir opleiding en ek is opgewonde om te sien hoeveel petrol die karretjie gaan gebruik en hoe dit op die lang pad gaan wees.  Ek kry ongeveer 20km / 1 Liter brandstof met die aircon aan!  As ons al drie met die bus na Kampot ry sal retoer kaartjies ons almal saam US$75 kos – ek vermoed met die karretjie gaan ons ongeveer US$30 heen en weer gebruik!!!

Ons al drie gaan Kampot toe omdat ons twee groepe daar het en ek die personeel gaan evalueer en verhoudings bou met die pastore.  Daar is ook korttermyn ‘sendelinge’ van Daughters wat by my sal kom bly – ek is bly, wil nie meer alleen wees nie – Vrydag kom 2 persone vanaf Oz hier aan vir ‘n week (June 12th to June 19th), ‘n ander person vir 2 weke (June 27th to July 10th) en in September kom daar iemand wat moontlik vir ‘n jaar by my sal bly.

Bid/Prys asb saam met ons/my:

- Bid asb vir Saran se gesondheid.
- Die opleiding en reise na die provinsies.
- Prys die Here saam met my vir die vriendskapsbande met die Khmer (was die naweek by Nary en Veasna se nuwe huis, dit was lekker om sommer net saam te eet en te gesels.  Was ook by Thea and Kim Lee vorige huis eienaars, dit is lekker om soos ‘n familielid by hulle te voel)
- Prys die Heer saam met my vir die vervoer wat Hy beskikbaar gemaak het.

Seën vir jou

**Alta MOSAMBIEK – GURUE** - Uittreksel uit Allan en Ansie van der Merwe se Nuusbrief 29 April 2009

Woordskool

Die ouderlinge leer vinnig en is nou vertroud met die konsep van geestelike lewe. Hulle verstaan die opdrag van kind van God wees en is nou besig met die behandeling van die boekie Fondasies van Geloof. Die eerste 3 lesse is afgehandel, en het gehandel oor:

1. God het alles geskape -God weet alles -God haat sonde - God is lief vir die mens.
2. Die mens het die vryheid van keuse of hy gehoorsaam of ongehoorsaam aan God wil wees, en hy moet verantwoordelikheid vat vir sy keuse.
3. Die Bybel is die woord van God - Die hoof boodskap van die Bybel is Jesus - Die Bybel is vir alle persone, bekeerdes of sondaars.

Wat hulle baie interessant vind is dat dissels en dorings eers ingekom het na die sondeval, volgens Genesis.

Radio Projek

Dit gaan goed moet die maak van die programme word en die uitsaai daarvan. Die programeerders kla oor salarisse en daar is en word nog op vergaderings daaroor gepraat.

Chabwe skool

Hierdie jaar is daar 86 graad 1 en 68 graad 2 kindertjies. Ons poog steeds om die skool te versterk en wil graag nog `n onderwyser en `n klaskamer vir `n volgende graad aanbou, maar as gevolg van finansies is dit nie moontlik nie.

Die pad na die skool toe is onbegaanbaar as gevolg van die reen, daarom was ons sedert ons terug is nog nie daar nie, maar volgens die onderwyser is die gebou nog in `n goeie toestand en was daar geen skade hierdie seisoen nie.

Poppekas

Op hierdie stadeum konsentreer ek op die poppekas. Ek is besig om `n storie wat ek geskryf het te vertaal, en ook om die lap wat ek gaan gebruik te verf. Ek weet nie hoe gaan ek maak sonder Ribeiro as tolk nie, ek sal maar een van ons outjies moet vra om saam met my te praat en dit dan op cd te sny en dan te speel by die kerkies terwyl die poppe dans.

Persoonlik

Dit gaan goed met ons, ons is gesond. Die normale skete is daar, maar ons bid daaroor en gaan aan. Ons was in Milanje die naweek, 200 km suid van ons teen die Malawi grens. Daar was `n sinode vergadering en ons kon saam met die mense van Revuma kuier en ook die probleme in ons omgewing bespreek en aanspreek.

Ons kinders

Ons kinders gaan goed aan en die Here seen hulle werklik baie. Die jongste egpaar is besig met Dektos, dit is `n agt weke lang Christelike beradings kursus van emosionele genesing en herstel waarvan hulle baie hou. (Ons hou ook daarvan!) Die middelste seun het nou meer begin kerk toe gaan, maar het nog baie vrae. Sy vrou is reeds lank bekeer en gevestig in Christus, ons bid nog baie vir hulle. Die oudste twee is baie aktief in hulle gemeente met die jeug. Met hulle kinders gaan dit goed en hulle het goed aangepas in hulle nuwe skooljaar.

Julle kan saam bid vir:

- Die steeds groeiende kerk van Mosambiek - dat die mense sal weet en verstaan wie Jesus is.
- Omwiwa Yesu Radio projek - dat die probleme wat daar ontstaan het rondom die bestuur van die radio stasie uitgesorteer sal word.
- Woordskool - Dankie aan die Here vir die getroue bywoning van die ouderlinge en hulle gewilligheid om te hoor, dat die Here hulle ook sal seen en sal versterk.
- Chabwe skool - steeds vir fondse en versterking van die onderwysers in hulle geloof as christene sodat hulle die kinders goeie lering kan gee.
- Ribeiro - ons staatmaker-hulp en wag is steeds siek, en het regtig julle gebede baie dringend nodig. Hy is verstandelik baie goed, en verstaan ons baie goed en help baie met die tolkery. Hy word aangeval met stemme in die kop. Ons kan/wil hom nie verloor nie, hy is betroubaar en baie verantwoordelik.

- Ons kinders - Dankie aan die Here dat hy ons geseen het met hulle en dat hulle Hom nou begin opsoek.
- Persoonlik - ons gesondheid, ons veiligheid en ook ons finansies - waarvoor ons net baie dankie wil se dat die Here ons daarmee seen.

Skryf gerus vir ons:mosambieksending@gmail.com

**MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING**

Uittreksel uit nuusbrief 13 April 2009

Hierdie is ons eerste nuusbrief vir 2009.

Allen en Ansie van der Merwe, sendelingpaar in Gurue wat betrokke is by die radiobediening, het na ‘n welverdiende vakansie in Suid-Afrika gedurende die tweede week van Maart vanjaar na Gurue teruggekeer. Hul verblyf in Suid-Afrika was egter nie net vakansie gewees nie want terugvoering moes gegee word aan ondersteunende gemeentes, bekendstelling aan ander en dan het twee van hul kinders ook vroeg in Januarie op agtereenvolgende Saterdae in die huwelik getree.

Op 17 Februarie is ‘n direksievergadering van Gurue Radio Ministry in Pretoria gehou waartydens hulle ook teenwoordig was sodat lede eerstehandse inligting kon verkry. ‘N verskeidenheid van sake is bespreek rondom die normale verloop van die bediening asook die moontlikheid van ‘n besoek later in die jaar. Kennis is ook geneem van ‘n Kontinentale Konvensie van Afrika Christen Uitsaaiers wat beplan word deur UCB-Africa vir 17 tot 19 September te Kemptonpark.

Die Van der Merwes se reis na Gurue het ook sy kwota probleme opgelewer, maar het hulle darem veilig daar aangekom. Die produksie-ateljee het tydens hul afwesigheid steeds gefunksioneer en is die programme volgens hul tydskedule daagliks uitgesaai. Een van die oogmerke van die radiobediening was dat die plaaslike kerke eienaarskap daarvan moet neem (Omwiwa Yesu bestuurskomitee) sodat die bediening nie tot stilstand kom wanneer Allen om welke rede ookal die gebied moet verlaat nie.

Met hul aankoms is hulle egter deur die programopstellers in kennis gestel dat hul vergoeding vir einde Februarie uitstaande is terwyl genoeg fondse in die Omwiwa Yesu bankrekening inbetaal was daarvoor. Verdere ondersoek het aan die lig gebring dat die tesourier en die sekretaris van die geld (ongeveer R1500.00) “geleen” het en nou spoorloos verdwyn het. Ook het hulle gaan kla by die gemeenskapsradiostasie dat hul te min geld kry en in samewerking met personeellede is van die lugtydgeld ook aan hulle uitbetaal. Die radiostasie gaan voort om die programme uit te saai terwyl ‘n ondersoek aan die gang is. Die pastore van die betrokke gemeentes is baie ontsteld oor die gebeure omdat die projek skade aangedoen is terwyl goeie werk gedoen word en die voortgang daarvan ononderhandelbaar is. Sodra al die feite versamel is, sal ‘n verdere vergadering belê word waartydens ‘n nuwe tesourier en sekretaris ook gekies sal word.

Bogenoemde inligting word spesifiek gemeld om die belangrikheid van gebed vir hierdie bediening opnuut te onderstreep. Die mense is baie arm en alhoewel dit nie ‘n verskoning is nie bly die versoeking om geld onregmatig te neem ‘n groot struikelblok. Ons moet ‘n wolk van gebed om hierdie mense plaas ten einde hulle te beskerm teen versoekings (van watter aard ookal).

Met bogenoemde in gedagte, bid dan vir:

- Die programopstellers;
- Die verkiesing van twee nuwe bestuurslede;
- Die normalisering van die verhouding tussen Omwiwa Yesu en die gemeenskapsradiostasie;
- Die hantering van die saak deur die plaaslike kerke; asook
- Wysheid vir Allen om die nodige leiding daar te neem.

Wil jy deelname verkry in hierdie bediening of meer te wete kom? Maak dan gerus van die e-pos gerief op die webblad gebruik om met ons in aanraking te kom of skakel my per telefoon 018 4623664 (huis), 018 4629603/8 (werk) of sel 0845802403.

Groete in Christus

Freddie Swart

(Direksie: Gurue Radio Ministry, Suid-Afrika)

LET WEL: Hierdie brief is ook te lees op ons webblad: www.gurueradio.org.za

**MOSAMBIEK – GURUE RADIOBEDIENING**

Uittreksel uit nuusbrief 8 Junie 2009

In Nuusbrief 9 van April 2009 is berig dat daar onreëlmatighede was met die hantering van die finansies deur twee van die Owiwa Yesu bestuurslede in Gurue, Mosambiek tw die Tesourier en die Sekretaris. Ongeveer R1,500.00 is "geleen" en is verskillende ondersoeke ingestel deur die Regering en die Kerke betrokke by die Bediening. Die programopstellers self het ook beswaar gemaak teen hul vergoedingspakket en aangedring op die minimum loon van 2,000 Meticais (ongeveer R667.00) per maand. Die kat was spreekwoordelik in die duiwehok losgelaat!

Na verskeie vergaderings met die Kerke en die programopstellers het daar uiteindelik kalmte gekom in al die onstuimigheid. Die vier programopstellers het hul dreigement om met die verstryking van die betaalde lugtydperk in middel-Mei te bedank, teruggetrek en is die volgende ses-maande lugtyd- ooreenkoms met die plaaslike radiostasie hernu. Die Bestuur van die radiostasie het terselfdertyd besluit om die lugtyd-tarief van 50,000 Meticais vir ses maande te verminder na 40,000 Meticais – 'n besparing vir die Bediening van 10,000 Meticais (ongeveer R3,333.00) wat tot gevolg gehad het dat die vergoedingspakket van die programopstellers verbeter kon word. Die nuwe Bestuurslede moet nog deur die plaaslike Kerke gefinaliseer word. Allen van der Merwe gaan intussen voort om die werksaamhede van Omwiwa Yesu te monitor en te hanteer.

Sedertdien het gebeure dramaties verbeter. Die Departement van Polisie het hul 30-jarige bestaan herdenk met feesvieringe waarheen Omwiwa Yesu ook uitgenooi was. Die uitnodiging was beskou as 'n ongehoorde gebeurtenis wat nog nie vantevore plaasgevind het nie. Gedurende die feesvieringe het Omwiwa Yesu die geleentheid gekry om te getuig van hul aktiwiteite, opnames te maak vir uitsending, Christelike geloofspamflette uit te deel en aan die Hoof van Polisie 'n Bybel te skenk.

Die afgelope paar maande se gebeure het opnuut bevestig dat "al braak die hel se woede", God hierdie bediening wat deur Homself geïnisieer is, in stand sal hou ongeag die Satan se aanslae. Dit word vertrou dat hierdie getuienis geloofsversterkend mag wees vir jou in die wete dat ondersteuning van die radioprojek nie tevergeefs is nie. Elke gebed wat gebid is in antwoord op die oproep in die vorige nuusbrief het verseker nie onverhoord by die Vader verby gegaan nie.

Bid dan steeds volhardend met danksegging en lofprysing aan God, ons Vader vir:

- Die programopstellers en samestelling van die inhoud van programme;
- Die verkiesing van twee nuwe bestuurslede;
- Die versterking van die verhouding tussen Omwiwa Yesu en die gemeenskapsradiostasie;
- Dat al meer mense op hierdie radioprogram sal inskakel;
- Jesus sal aanvaar as Verlosser en Saligmaker; asook
- Die aflegging van die tradisionele voorvader aanbidding rituele.

**SENDING SONDER GRENSE – ds Leon Tait**

Via Sending Sonder Grense word heelwat kinders in Ukraine en Moldawië deur lidmate van ons gemeente geborg. In Mei is nog 2 kinders deur lidmate begin borg, en ander lidmate het begin om maandeliks tot die Cernoleuca kinderhuis in Moldawië by te dra. Ds Tait is steeds besig om op die Sondae wanneer hy nie by Rietfontein-Suid preek nie, by

Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, ‘n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf.

Dank aan die Here wat mense van verskillende gemeentes wat deur ds Tait besoek word, se harte oopmaak vir die nood in die uiters arm oud-Kommunistiese lande met geweldige maatskaplike probleme (bv: in Oekraine is 300 kinderhuise, en in Roemenië is daar 630).

Terugvoer: Daar word gepoog om elke maand vir 20 kinders in kinderhuise borge te kry teen R160 per maand (dit is genoeg om in hierdie oud-Russiese lande letterlik vir alle basiese lewensmiddele wat ‘n kind nodig het, te betaal, asook in hul geestelike, opvoedkundige en emosionele behoeftes te voorsien).

Deur die Here se toedoen is daar in die eerste 5 maande van 2009 borge vir 187 kinders verkry! En ook nog vir ‘n hele aantal families. Alle dank aan die Here daarvoor, en dankie aan almal wat vir hierdie bediening bid.

Indien u deurlopend teugvoer wil kry en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms asseblief vir ds Tait.

**NAVRAE AANGAANDE SENDELINGE**

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kan u die volgende persone kontak wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy + Koerde - Leon Tait

Mosambiek radiostasie/Allen en Ansie vd Mwerwe - Japie en Ena le Grange

Alta Glas - Chris en Eureka Botha

Gebedsketting + Laudium - Alet Briers

Ds Hannes Peens (Limpopo) - Leon Tait

Sendinggroete in Christus

TAAKSPAN VIR SENDING